Pretoria- 8 Desember 2013

Skriflesing: Levitikus 24:10-16; Psalm 96
Kategismus- **Sondag 36**
Teks**: Psalm 96:8**
Sing: Psalm 89: 1,10; Psalm 74: 12,13; Psalm 86:5,6

Levitikus 24:10-16

Lev 24:10 En die seun van 'n Israelitiese vrou maar hy was die seun van 'n Egiptiese man het uitgegaan tussen die kinders van Israel in; en die seun van die Israelitiese vrou en 'n Israelitiese man het met mekaar geveg in die laer.
Lev 24:11 Toe het die seun van die Israelitiese vrou die NAAM gelaster en gevloek. Daarom het hulle hom na Moses gebring. En die naam van sy moeder was Sélomit, die dogter van Dibri, van die stam van Dan.
Lev 24:12 En hulle het hom in die gevangenis gesit, dat hulle 'n beslissing kon verkry volgens die uitspraak van die HERE.
Lev 24:13 En die HERE het met Moses gespreek en gesê:
Lev 24:14 Bring die vloeker buitekant die laer uit, en almal wat dit gehoor het, moet hulle hande op sy hoof lê; dan moet die hele vergadering hom stenig.
Lev 24:15 En met die kinders van Israel moet jy spreek en sê: As iemand sy God vloek, sal hy sy sonde dra.
Lev 24:16 En wie die Naam van die HERE laster, moet sekerlik gedood word; die hele vergadering moet hom sekerlik stenig. Die vreemdeling net soos die kind van die land as hy die NAAM laster, moet hy gedood word.

Psalm 96

Psa 96:1 Sing tot eer van die HERE 'n nuwe lied; sing voor die HERE, o ganse aarde!
Psa 96:2 Sing tot eer van die HERE, loof sy Naam, verkondig sy heil van dag tot dag.
Psa 96:3 Vertel onder die nasies sy eer, onder al die volke sy wonders.
Psa 96:4 Want die HERE is groot en baie lofwaardig; Hy is gedug bo al die gode.
Psa 96:5 Want al die gode van die volke is afgode, maar die HERE het die hemele gemaak.
Psa 96:6 Majesteit en heerlikheid is voor sy aangesig, sterkte en sieraad in sy heiligdom.
Psa 96:7 Gee aan die HERE, o geslagte van die volke, gee aan die HERE eer en sterkte.
Psa 96:8 Gee aan die HERE die eer van sy Naam, bring offers en kom in sy voorhowe.
Psa 96:9 Aanbid die HERE in heilige gewaad; beef voor sy aangesig, o ganse aarde!
Psa 96:10 Sê onder die volke: Die HERE is Koning! Ook staan die wêreld vas, sodat dit nie wankel nie. Hy sal die volke regverdig oordeel.
Psa 96:11 Laat die hemele bly wees en die aarde juig; laat die see en sy volheid bruis.
Psa 96:12 Laat die veld juig en al wat daarin is; dan sal al die bome van die bos jubel
Psa 96:13 voor die aangesig van die HERE; want Hy kom, want Hy kom om die aarde te oordeel; Hy sal die wêreld oordeel in geregtigheid en die volke in sy trou.

Sondag 36

99 **Vraag***: **Wat eis die derde gebod?***
Antwoord: Ons mag die Naam van God nie laster of misbruik deur te vloek (a), deur 'n valse eed (b) of deur onnodig te sweer nie (c). Verder mag ons nie deur stil te bly of dit toe te laat ons aan sulke verskriklike sondes skuldig maak nie (d). Kortom, ons mag die heilige Naam van God nie anders as met vrees en eerbied gebruik nie (e), sodat Hy deur ons reg bely (f), aangeroep (g) en in al ons woorde en werke geprys word (h).

(a) Lev 24:15, 16. (b) Lev 19:12. (c) Matt 5:37; Jak 5:12. (d) Lev 5:1; Spr 29:24. (e) Jer 4:2; Jes 45:23. (f) Matt 10:32; Rom 10:9, 10. (g) Ps 50:15; 1 Tim 2:8. (h) Kol 3:17; Rom 2:24;1 Tim 6:1.

100 ***Vraag:*** *Is dit dan so 'n groot sonde om die Naam van God te laster deur te sweer en te vloek dat God Hom ook oor elkeen vertoorn wat hierdie sonde nie sover moontlik teëgaan en verbied nie?*
Antwoord: Ja, seker (a), want geen sonde is groter en vertoorn God meer as die lastering van sy Naam nie. Daarom het Hy ook beveel om dit met die dood te straf (b).

(a) Spr 29:24; Lev 5:1. (b) Lev 24:16.

Skriflesing: Levitikus 24:10-16; Psalm 96
Kategismus- **Sondag 36**
Teks**: Psalm 96:8**
Sing: Psalm 89: 1,10; Psalm 74: 12,13; Psalm 86:5,6
Geliefdes in ons Here Jesus Christus- Ons kom by die derde gebod en ons staan voor 'n Naam wat bo-al wat naam is, geskrywe. Die Naam van God Self. Ons dink aan Moses. Hy wat ook voor die Naam van God moes staan. Hy staan by die brandende bos, daar waar hy die openbaring van God se Naam ontvang. Nie net is God se Naam heilig nie, maar selfs as God se Naam gehoor word, dan is die grond waarop ons staan heilige grond. Moses moes sy skoene uittrek by die hoor van die heilige Naam van God. Hierdie kerkgrond is heilig, nie omdat dit die kerk is nie, maar omdat dit die Naam, die hoor van God se Naam is, wat hier ter sprake kom.

Moses wat beteken, uit die water gehaal, hy wat God se Naam wou verstaan, hy die middelaar van die ou verbond wat God se Naam wou uitdra, hy wou homself en sy opdrag aan God se Naam verbind, hy het geweet hy sou vir Israel moes sê Wie hom gestuur het. Toe het die Here vir Moses kragtens sy Naam geantwoord, die Here vir hom gesê - *Ek is wat Ek is*….Die *Ek is*….het gestuur. Hoor u geliefdes, God laat sy Naam hoor, hoe wonderlik, die feit dat ons as kleine mensekinders die grote God by 'n Naam kan noem. By die Wetgewing van God, dié Wet wat u en ek nou in ons belydenis 'n saak van dankbaarheid wil maak staan die EK IS weer voorop. God maak die EK IS nog nader bekend. Het u dit al só gehoor, ons hoor dit elke Sondag.... ***Ek is*** *die Here jou God wat jou uit Egipteland, uit die slawehuis, uitgelei het…..*

Die Naam EK IS, is uitdrukking van God se Wese wat omvattend, wat heilig is. Die EK IS sê vir ons julle kan my nie saamvat nie, die EK IS WAT EK IS, is heilig, is almagtig, is alwetend, is lig, is liefde, is genadig, is regverdig. God wat van Homself aanvanklik maar net die IS bekendmaak, Hy is Skepper, maar die IS, HET ook Mens geword, die IS, IS Jesus Christus. Jesus Christus is God. Jesus het die EK IS aan ons kom openbaar. Hy het die Vader as't ware oopgemaak as ons Johannes 1:14 lees. Letterlik staan daar in die Grieks Hy het die Vader ge=eksegetiseer. Om eksegese te doen beteken mos om oop te maak. Jesus moes kom sê Wie God is. Soos wat Hy later dan ook in sy Hoëpriesterlike gebed tot sy Vader gebid het in Johannes 17:6 – *Ek het u Naam geopenbaar aan die mense wat U my uit die wêreld gegee het*…..Jesus moes die EK IS, God se Naam,kom oopmaak, want soos wat God se Wese heilig is, so is ook sy Naam heilig. Die Naam wat u en ek nou op ons lippe neem.

Gemeente, watter verantwoordelikheid vra ons belydenis by die gebruik van God se Naam. So maklik word God se Naam misbruik. Ons twee gedagtes waarmee ons belydenis dan ook werk is die misbruik en die gebruik van God se Naam.

Eerste, die misbruik van die Here se Naam.

Die gebod soos wat dit in die derde gebod letterlik staan – *Jy mag die Naam van die Here jou God nie ydellik gebruik nie, want die Here sal die een wat sy Naam ydellik gebruik nie ongestraf laat bly nie...* Ons kan soos wat ons hier lees die geklank van God hoor soos wat dit baie keer by harde reënweer gebeur. Eerste staan die gebod wat soos die skerp sweepslag van 'n weerlig deurkom – *Jy mag die Naam van die Here jou God nie ydellik gebruik nie*…….Daarna wanneer die weerlig geblits het dan volg die rollende gedreun deur die lugruim heen – *want die Here sal die een wat sy naam ydellik gebruik nie ongestraf laat bly nie…..*

Die woordjie "ydel" vra ons dubbele aandag, twee keer staan die woord hier. Ydel beteken eintlik, dit is leeg, dit is hol, niksseggend. So sou ons ook die vers kon vertaal – Jy mag die Naam van die Here jou God nie leeg maak nie, of van sy inhoud beroof nie. Waar dit eintlik op neerkom is dat God Self wat die inhoud van sy Naam is, nie van Homself losgemaak mag word nie. Jy mag die Naam van God nie van God Self losmaak nie. Ons mag nie die Naam van God gebruik as ons nie werklik bedoel om van God as Persoon te spreek nie.

Aan die ander kant mag ons ook nie in die ander uiterste verval dat ons bly praat van die werke van God as Persoon maar ons noem nie God se Naam nie. Die mense in die Ou Testament het dan ook die fout gemaak dat uit vrees dat hulle die derde gebod sou oortree het hulle die Here se Naam nooit in gesprekke, gebede en selfs by die lees van die Ou Testament gebruik nie. Daar waar die Here se Naam staan het hulle die Jahweh-benaming met ander konsonante en vokale omgedraai uit vrees dat hulle nie God se Naam mag noem nie. Dit is beslis ook nie die bedoeling van die derde gebod nie. God se Naam soos wat ons net-nou sal sien moet beslis met eerbied gebruik word.

Om God se Naam te verswyg wek die indruk dat God nie bestaan nie of dat Hy nooit deur sy Woord en deur sy Seun tot ons gespreek het nie. Om God se Naam leeg te maak het dus die twee betekenisse. 'n Mens kan dit heeltemal tot nietigheid ophef, of 'n mens kan dit laat lê. Beide is misbruik van die Here se Naam.

***

In die eerste gebod het ons gesien God is die enigste God, Hy kan met niemand vergelyk word nie. In die tweede gebod het ons, ons diens aan God bely. Ons kan die enige ware God nie dien soos ons lus het of soos wat dit vir ons reg lyk nie. Die tweede gebod leer ons in die konteks van God se hele Woord hoe Hy gedien moet word…..geen vreemde vuur moet op die altaar kom los van God se Woord nie. Die tweede gebod en die derde gebod moet ons ook weer saam lees in die lig van die eerste gebod, dat God wat Enig is, God wat net op een manier gedien kan word, God kan net deur sy Naam reg gedien word. Tog is daar ook die belangrike verskil tussen die tweede en die derde gebod. By die tweede gebod is daar sprake van ’n vonnis wat stadig voltrek word….*tot aan die derde en vierde geslag van die wat my haat,* maar by die derde gebod is daar sprake van direkte oombliklike straf waarmee die sondaar gestraf moet word. So kan ons dan nou ook die sterk taal van ons belydenis beter verstaan dat **daar geen groter sonde is wat God meer vertoorn as die lastering van sy Naam nie…..Hy het dan ook beveel dat dit met die dood gestraf moet word.**

***

Die Nuwe Testament noem hierdie sonde, sonde teen die Heilige Gees. Vertrapping van die bloed van Christus. Onvergeeflik sê die Skrif. ’n Sonde wat met die dood gestraf moet word. Ons het in Levitikus 24 God se Woord hieroor gehoor. Die seun van ’n Israelitiese vrou en ’n Egiptiese man het met iemand geveg. In die warmte van die oomblik het die een seun God se Naam gelaster en gevloek. Die saak is aan Moses gerapporteer. Moses het God ingeroep, toe het die Here Self vir Moses beveel dat die man gestenig moes word. Almal wat hom gehoor vloek het moes aan die steniging deelneem. Daarmee het God die doodstraf op lastering van sy Naam aangekondig.

***

Gemeente, dit is dan ook verstaanbaar, want die lastering is moord. Iemand wat God se Naam laster is eintlik besig om God te probeer vermoor. Moord moet met die dood gestraf word. U weet hoe flieks en allerhande lektuur, hiermee besig is. U weet watter woorde ek bedoel sonder dat dit vir my nodig is om dit te noem. Die Here sê vir ons ons, ons is besig om sy Heilige Gees te bedroef. Ons het eintlik al ’n stap verder gegaan, ons is besig om in ons taal en in ons flieks en baie toneelstukke teen die Heilige Gees te sondig, ‘n sonde wat die Here Self sê nie vergewe kan word nie.

As die Vergewer van sondes in sy vergewing self aangetas word hoe kan daar dan nog van vergewing sprake wees?! Elke keer wanneer die Naam van Jesus so lasterlik opklink, dan is

dit ’n vertrapping van die bloed van ons Heiland en Verlosser. Ook daardie mense wat in hulle woede die Naam van God gebruik om krag by hulle argumente te sit. Raak ‘n persoon kwaad, dan kan die een naam van God by die ander gevoeg word, om nou sterk te klink, wat eintlik maar ’n toonbeeld van swaksinnigheid en geloof gebrekkigheid in die mens is. Ons praat ook met daardie mense wat die Here se Naam ydellik gebruik daardeur bloot onnadenkend te gebruik. Baie keer is God se Naam maar net ’n stopwoord in gesprekke. Dit kan selfs gebeur wanneer ’n mens in sy gebede gedagteloos die Naam van God ydellik herhaal. Dit laat Veldkamp dan ook die vraag vra – waar word nou eintlik die meeste gevloek – “in die kerk of in die kroeg”…..”op kerkraadsvergaderings of in die kaserne”….”met katkisasie of op die mark”.

***

Dan is daar ook van ons wat die Here se Naam elke dag ydellik gebruik deur nie ’n enkele woord te praat nie. Ons wat stilbly as iemand anders die Here se Naam misbruik. Die Here sê vir ons, as ons in sulke geselskap stilbly en dit maar toelaat dan het ons deel aan sodanige verskriklike sonde. In Levitikus 5 lees ons... ***1*** *En as iemand sondig dat hy die luid uitgesproke beswering hoor, terwyl hy getuie was, dit gesien het of daarvan weet as hy naamlik dit nie te kenne gee nie en so sy ongeregtigheid moet dra ...* Spreuke 29:24 praat soos volg daaroor – *Hy wat saam met ’n dief deel, haat sy eie siel; hy hoor die beswering, maar openbaar niks nie.*…Calvyn het hier ’n treffende beeld na vore gebring, as hy sê dit is mos so dat ’n goeie hond darem blaf en byt as sy baas te nagekom word. Baie keer is ons so sleg, ons kan nie eers soos ’n goeie hond wees nie. Die Here mag nie doodgeswyg word nie.

God se Naam moet kan gebruik word. Met vrees en eerbied moet ons God se Naam kan gebruik. Dit is dan ons tweede gedagte –

<u>Die gebruik van die Here se Naam:</u>

Ons het reeds daarop gewys watter guns God ons bewys dat ons Hom by ’n Naam kan noem. God is in die hemel en ons op die aarde, maar ons kan tot in die hemel praat, met die noem van die Naam. Watter wonder. Jesus het alles vir ons nog duideliker gemaak. Hy het God se Naam oopgemaak, daar is nog meer Name van God wat gebruik kan word. Jesus het aan die kruis ook die deel van die Wet vervul, volgemaak dat u en ek nou die volle deel kan kry, ons ontvang in Christus die krag en sterkte om in die derde gebod te lewe.

Christus wat juis oor die derde gebod gekruisig is. Die verskriklike van die oordeel van God oor die derde gebod het Christus aan die kruis ondervind. Hy is gekruisig omdat Hy

godslasterlik sou praat deur Homself die Seun van God te noem. Die Naam van God wou hulle in Hom vernietig, maar die wonder het gebeur, God het deur sy Naam in die Heilige Gees Hom uit die dood opgewek. Hy het na die hemel opgevaar, so het Hy God se Naam opgetrek, dat God se Naam nou geskryf staan bo-al wat Naam is.

Christus ons Profeet, Priester en Koning. Christus het dit vir ons gedoen dat ons ook nou profeties, priesterlik en koninklik met God se Naam moet besig wees – So staan dit in ons belydenis dat **ons mag die heilige Naam van God nie anders as met vrees en eerbied gebruik nie, sodat Hy deur ons reg bely, aangeroep en in al ons woorde en werke geprys word…..**Dit is alleen 'n profeet wat die Naam van God reg kan bely. Mattheus 10:32 – *Elkeen dan wat My sal bely voor die mense, hom sal ek ook bely voor my Vader wat in die hemele is…..*Ons is priesters as dit gaan om die aanroeping van God se Naam in ons gebede. Paulus sê vir Timotheus ook in 1 Timotheus 2:8 – *Ek wil dan hê dat die manne op elke plek moet bid en heilige hande ophef sonder toorn en twis…..*Ons is konings as dit gaan om God se Naam in al ons woorde en werke te prys. 1 Korinthiërs 10:31 – *Of julle dan eet of drink of enigiets doen, doen alles tot verheerliking van God…..*

***

Wanneer ons profeties, priesterlik, koninklik met die Here se Naam besig is, dan begin die wonder van gebed, om tot God in sy Naam te bid. So moet u dan ook 'n verband tussen die eerste bede van die Onse-Vader gebed en die derde gebod raaksien. Die eerste en die belangrikste wat 'n kind van God sy Vader kan verlang is dat **sy Naam geheilig moet word….**Op alle terreine van die lewe moet God se Naam gevrees, geëerbiedig word, die Here beveel dit in die derde gebod.

***

In die eerste bede van Christus se gebed bid ons in Hom, laat ons nie net God se Naam vrees en eerbiedig nie, maar ons bid ook dat ons iets met God se Naam in ons lewe sal doen. Ons moet die Naam heilig. Psalm 96 roep al die volkere van die wêreld op om God se Naam te heilig. Vers 7 – *Gee aan die Here, o geslagte van die volke, gee aan die Here eer en sterkte…..*en dan vers 8 – *Gee aan die Here die eer van sy Naam, bring offers en kom in sy voorhowe. Aanbid die Here in heilige gewaad; beef voor sy aangesig o ganse aarde….*

Om die Here se Naam reg te gebruik het u nou uit die Psalm gelees is 'n offer van dankbaarheid. Ook as ons die vloekpsalms aanhaal. Opmerklik dat in die vloekpsalms die digters op uitsonderlike wyse deur die Heilige Gees gebruik word om die oordeel, die vloek

van God oor hulle en God se vyande aan te kondig. So kom die vloek van God daarby as mense Hom wil vloek, dan is daar sprake van ’n heilige vloek.

In ons belydenis staan die Wet as deel van hoe ons God vir ons verlossing dankbaar moet wees. Is daar by u enige dankbaarheid in die gebruik van God se Naam? Ook daardie neutrale mense, wat dink God se Naam moet met tye beslis verswyg word. Die neutraliteit beginsel van op politieke verhoë en in skole moet die Here se Naam nie gehoor word nie. Laat dit maar eerder uit! Dit is nie die plek daarvoor nie. Dan is daardie skole en plekke wat die Here se Naam wel gespreek word, maar dit is nie volgens die belydenis nie. Die mense voel eerder ons belydenis daarbuite.

***

Geliefdes, wat het ons aan die Naam van die Here as ons nie aan Hom ’n belydenis het nie, as die belydenis nie daarbinne toegelaat word nie. Dan is die mense besig met ’n stuk vormleer uit ons sieklike bedorwe verstand. Hulle probeer om van die kinders beter mense te maak, maar die begin is nie in God vanuit ’n belydenis waaruit Hy ons beveel nie. Dit raak ’n gebabbel waarbinne die Naam van God telke male opklink. Dit is dan ’n gevloek in die klaskamers, die lastering van God se Naam. Die Bybel is dan maar net ’n handboek wat geleer moet word, maar daar kom nooit ’n belydenis daarby nie. Mag ons in ons werkplek, in ons skole, in ons lewe die krag van Christus ontvang om ook die gebod te volbring. Dan wil ons eindig om in die Naam van die Drie-Enige God te sê – *heilig, heilig, heilig is U Naam op die ganse aarde.*

AMEN